kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

"We must always compose ourselves and lay everything else aside when we begin to pray. The world, with its other gods and all its many cares and consuming desires, has become our home, and the region of prayer has become a strange and alien country. That is why it is often so hard for us to make the transition from our world to the realm of prayer. We are filled with cares, we are distracted and driven about by doubts and restraints. We stand at the bottom of the stairs, crying out from a long distance."
— Helmut Thielicke, Our Heavenly Father

Tema: In aanloop tot Goeie Vrydag: Jesus en Judas. Hoe lyk verraad vandag en wat is die teenoorgestelde daarvan?

Skriflesing: Matteus 26:14-25

"Faith is a footbridge that you don't know will hold you up over the chasm until you're forced to walk out onto it."
— Nicholas Wolterstorff, Lament for a Son

Broodjies vir die pad

"What is success?
To laugh often and much; to win the respect of intelligent people and the affection of children; to earn the appreciation of honest critics and endure the betrayal of false friends; to appreciate the beauty; to find the best in others; to leave the world a bit better, whether by a healthy child, a garden patch Or a redeemed social condition; to know even one life has breathed easier because you have lived. This is to have succeeded!"
— Ralph Waldo Emerson

"Look into your own heart, discover what it is that gives you pain and then refuse, under any circumstance whatsoever, to inflict that pain on anybody else."
— Karen Armstrong

"I used to advertise my loyalty and I don't believe there is a single person I loved that I didn't eventually betray."
— Albert Camus, The Fall

"The way of Jesus cannot be imposed or mapped — it requires an active participation in following Jesus as he leads us through sometimes strange and unfamiliar territory, in circumstances that become clear only in the hesitations and questionings, in the pauses and reflections where we engage in prayerful conversation with one another and with him."
— Eugene H. Peterson, The Jesus Way: A Conversation on the Ways That Jesus Is the Way

"And now here is my secret, a very simple secret: It is only with the heart that one can see rightly; what is essential is invisible to the eye."
— Antoine de Saint-Exupéry, The Little Prince

"There comes a time when silence is betrayal."
— Martin Luther King Jr.

Hoe leer ons God ken in tyd van die virus?

Christina Landman

Nou die dag sit ek met 'n groepie mense en praat. Dis nie 'n onskuldige gesprek nie. Ons praat oor God.

Die een man sê God het alles geskape. Goed en sleg. Maar God gebruik die slegte om goed te doen.

Die ander sê nee, as God goed én sleg geskape het, is Hy skuldig aan al die slegte dinge wat die wêreld al getref het. En dan het Hy nie onskuldig aan die kruis gesterf nie.

Ek dink nou terug aan dié gesprek toe die virus ons tref.

Die eerste vraag wat mense wil vra is: Waar staan God ten opsigte van die virus? Het God die virus geskape? Het God die virus gestuur? En vir wat?

Maar ek dink ons moet liewers vra: Hoe leer ons God ken in die tyd van die virus?

Nou weet ons almal dat daar in krisistyd goeie maniere is om oor God te dink. En ongesonde maniere.

'n Ongesonde manier is om te dink dat God eintlik met die virus niks te doen het nie. Ek sou sê dit help ons regtig niks om te dink aan die gevoellose God wat hom nie oor ons lot bekommer nie. Om te glo aan die persoonlike God wat hom dit aantrek as dit met ons sleg gaan, dit is die God wat ons sal heelmaak.

Dis ook glad nie goed vir ons gesondheid om aan God te dink as die een wat ons met 'n virus straf nie. En net so ongesond is dit om te glo dat, as jy onskuldig is en net 'n goeie lewe lei, die virus jou nie gaan tref nie.

Moet tog asseblief ook nie dink dat God die virus gestuur het as 'n agent in sy groter plan wat ons nou nog nie verstaan nie. Om so uitgelewer te voel aan die onkenbare God maak jou net siek, met of sonder die virus.

God wil ons ook nie reinig en suiwer deur 'n virus nie. God is 'n terapeutiese God, maar hy gee nie op daardie manier sin aan ons lewe nie. Hy gee sin aan ons lewe met hoop en eiewaarde en 'n geloof op genesing, nie met lyding en 'n virus nie. Die virus het geen sin nie.

So sê ek nou maar waar ek staan. Ek glo aan 'n God wat saam met ons voel. Wat teenwoordig is by mense wat ly. Die medelydende God.

En ek glo aan die God wat self onskuldig gely het, en daarom identifiseer met mense wat ly.

Ek glo aan die God wat kwaad word wanneer die slegte ons wil oorrompel. Wat saam met ons teen die virus opstaan.

Ek glo dat God ons in hierdie tyd uitnooi om die sinlose virus te uitoorlê. Met hoop, en uitreik na mekaar, en mekaar se liggame op te pas.

En natuurlik is daar al klaar navorsing gedoen op mense wat met die virus lewe. Die een groep het ’n gesonde geloof in God se teenwoordigheid gehad, en die ander nie.

\+ En toe wen die immuunstelsels van dié wat geglo het dat God saam met hulle teen die virus veg.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/hoe-leer-ons-god-ken-in-tyd-van-die-virus-20200324

“And what of regrets? I shall live with them. I shall accept my regrets as part of my life, to be numbered among my self-inflicted wounds. But I will not endlessly gaze at them. I shall allow the memories to prod me into doing better with those still living. And I shall allow them to sharpen the vision and intensify the hope for that Great Day coming when we can all throw ourselves into each other's arms and say, "I'm sorry.”

— Nicholas Wolterstorff, Lament for a Son

Brood vir die pad

Geestelike Waardes: Sal alles altyd wel wees in tye van krisis en ellende?

RRV

In 1342 – ’n paar jaar voor die uitbreek van die verskriklike Swart Dood-pandemie – is die mistikus Juliana van Norwich gebore. Sy word allerweë beskou as die eerste vrou wat ’n boek in Engels geskryf het.

In 1373, terwyl sy en die mense rondom haar oortuig was dat sy weens haar ernstige siekte gaan sterf, het Juliana ’n reeks visioene van die lyding en kruisiging van Christus gehad.

Sy het oorleef, en het kort hierna haar belewenisse neergepen. Dit het egter nog heelwat jare geduur voordat hierdie geestelike in afsondering ’n langer teks oor haar visioene (of “showings”) geskryf het.

In Juliana se beskrywing van die dertiende van haar sestien visioene, in haar nou klassieke Revelations of Divine Love, lees ons dat Jesus die volgende woorde tot haar spreek: “Sin is necessary, but all shall be well, and all shall be well, and all manner of thing shall be well.”

Deur die eeue het mense die krag van hierdie woorde aangevoel. In tye van krisis en ellende is daar immers ’n behoefte om te hoor dat alles goed sal uitwerk, dat alles wel sal wees.

Maar saam met digters en filosowe is die meeste van ons al te goed bewus van die kontra-getuienis. Die uitspraak dat alles wel sal wees, kan maklik voortydig as goedkoop troos aangebied word.

En pogings om God in die lig van die realiteit van pyn en die kwaad te probeer regverdig (die sogenaamde teodisee-gedagte), voel meestal ontoereikend in die lig van spesifieke verskriklikhede.

’n Bekende voorbeeld is die Franse filosoof Vol-taire se “Gedig oor die ramp van Lissabon” (1756). Hy skryf dit na aanleiding van die katastrofale aardbewing wat op 1 November 1755, tydens kerktyd, groot dele van Lissabon, Portugal, vernietig en daartoe gelei het dat ’n derde van die stad se inwoners hul lewens verloor het.

Voltaire se teks het as subtitel “ ’n Ondersoek na die aksioma: ‘Alles is wel.’ ”

As ’n mens vandag Juliana van Norwich se Revelations of Divine Love lees, val baie van haar stelwyses en gedagtes vir ons vreemd op die oor.

Maar ’n mens verstaan ook goed hoekom Amy Laura Hall in haar boeiende boek Laughing at the Devil: Seeing the World with Julian of Norwich (2018) skryf dat Juliana van Norwich se woorde (sy praat van haar “holy audacity”) vir haar in moeilike omstandighede as oproep dien om met geloof en moed te lewe.

Soos sy dit stel: “ ‘All shall be well’ . . . helped me to look at even the most terrifying truth of my own personal life and trust in the love of God.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-sal-alles-altyd-wel-wees-in-tye-van-krisis-en-ellende-20200328

“Tell me how much you know of the sufferings of your fellow man and I will tell you how much you have loved them.”

— Helmut Thielicke

“We must never underestimate our power to be wrong when talking about God, when thinking about God, when imagining God, whether in prose or in poetry. A generous orthodoxy, in contrast to the tense, narrow, or controlling orthodoxies of so much of Christian history, doesn't take itself too seriously. It is humble. It doesn't claim too much. It admits it walks with a limp.”

— Brian D. McLaren, A Generous Orthodoxy: Why I am a missional, evangelical, post/protestant, liberal/conservative, biblical, charismatic/contemplative, fundamentalist/calvinist, anabaptist/anglican, incarnational, depressed-yet-hopeful, emergent, unfinished Christian

“Christ is the Master; the Scriptures are only the servant. The true way to test all the Books is to see whether they work the will of Christ or not. No Book which does not preach Christ can be apostolic, though Peter or Paul were its author. And no Book which does preach Christ can fail to be apostolic, although Judas, Ananias, Pilate, or Herod were its author.”

— Martin Luther

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877